WORCESTER GEMEENTE 1877 - 2002

Die stigting van die Evangelies-Lutherse Gemeente Worcester het in fases plaasgevind. Op 25 Augustus 1877 is ’n formele besluit geneem en is ’n stigtingsbrief deur 148 gemeentelede onderteken.

OORSPRONG EN VESTIGING VAN GEMEENTE

Reeds sedert 1852 is Lutherse dienste deur pastors van Strandstraat, Kaapstad, op Worcester gehou. Vanaf **1861** het **Pastor L. Esselen**, `n Rynse sendeling, maandeliks dienste vir “immigrante” in die plaaslike Rynse Sendingkerk aangebied. Na die formele stigtingsbesluit in **1877** het Pastor Esselen, asook *Pastor H. Hahn Jnr.* van Kaapstad, gereelde kerkdienste gehou. Op 29 Oktober **1883** is die stigting van die *Deutsche Evangelisch-Lutherische Heilige Dreifaltigkeits-Gemeinde zu Worcester und Umgegend* eenparig bekragtig. Kort daarna, op 14 November, is die kerk ingewy. In 1884 het die Konsistorie in Hanover toesig oor die gemeente aanvaar. In 1889 is met `n Duitse skool begin, en van 1891-1893 het *Pastor C.H. Hahn Snr.* na die gemeente omgesien.



DIE ERA VAN PASTORS SPRENGEL EN HENDRICH (1893 – 1953)

Pastor Eugen F Sprengel (1893-1943) was die gemeente se eerste volwaardige leraar. Hy het die gemeente van 150 lidmate vir byna 50 jaar tot sy dood op 4 Augustus 1943 bedien. In baie opsigte het hy legendaries geword. Sonder eie vervoer het hy al sy gemeentebesoeke te voet gedoen. Met sy eie handdrukpers het hy liedboekies vir die gemeente gedruk. Hy was ‘n roker en het verskeie langsteel pype gehad. In die dorp was hy ‘n hoogs gerespekteerde persoon. Hy het namiddae Duitse klasse gegee, en het die Duitse skool bedryf vir die gemeente se kinders asook kinders van buite. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog moes hy die skool om veiligheidsredes sluit. Sonder ’n radio, het hy gedurende die Tweede Wêreldoorlog nog op ‘n hoë ouderdom elke aand na sy naaste gemeentelede, familie Okkie Beukes, `n halwe kilometer ver geloop om die jongste nuus van Zeesen, Duitsland, te ontvang.

Pastor em. Karl Hendrich (1945–1953), ‘n Rynse sendelingpredikant, was reeds afgetree toe die gemeente hom beroep het, dankbaar om in hom ‘n eie predikant te kon hê. Weduwee Sprengel het nog ’n deel van die pastorie bewoon. Na afloop van sy dienstyd het Pastor Hendrich na sy ou sendingstasie Saron, naby Gouda, teruggekeer waar hy oorlede is.